

KLEINSAKE IS "GROOTSAKE"

deur

Dr Anton Rupert



PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

NUWE REEKS NR. 142 — 1979

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie
vermeld word, is verkrygbaar van:

**VAN SCHAIK'S BOEKHANDEL (EDMS) BPK
BURNETTSTRAAT 1096
HATFIELD
0083**

INLEIDING

In die sestigerjare het prof Roger Godimo van die Europese Instituut vir Bedryfsadministrasie in Parys die voorspeling gewaag dat meer as 75% van die wêreld se sake voor die draai van die eeu deur net 500 maatskappye beheer sal word.

Dit het my genoep om aan my groep te sê dat waar ons met van die wêreld se grootste vervaardigers moes meeding, ons gewikkel is in 'n stryd om voortbestaan — 'n geval van "Groot of Dood". Ons het die uitdaging aanvaar en baie goed gedoen onder omstandighede, veral omdat ons hoofkantoor so eksentries geleë is van die groot markte in die wêreld, en vandag is ons die wêreld se vierde grootste sigaret-vervaardiger.

Maar ek is ook veel langer reeds 'n voorstander van klein sakeondernemings. Dit spruit uit my agtergrond as prokureurseun op 'n klein plattelandse dorp.

Jare gelede tydens 'n middagete by die Hotel Lanzerac op Stellenbosch het ek my kleinsake-konsep aan Schumacher, skrywer van die latere bekende boek "Small is Beautiful", verduidelik na aanleiding van wat ons besig was om in Lesotho te doen. Dit het hom verbaas.

Ek glo ook in die vrye ondernemingstelsel as 'n bolwerk teen Kommunisme en is deeglik bewus daarvan dat indien ons anderskleuriges nie ook in klein sakeondernemings vestig en hulle aanhelp nie ons lot dié sal wees van mense wat alles wil hê, maar wat ook alles sal verloor.

Veertig jaar gelede het ons die begin gesien van 'n verwoestende oorlog wat baie Westerse ekonomieë op die knieë sou dwing en groot stede in puin sou lê. Die heropbou was stadig en pynlik, maar vandag is dit grootliks vergete. Die mens se geheue is kort.

In lande soos Wes-Duitsland en Japan het die tempo en omvang van ekonomiese herstel aan wonderwerke gegrens. Vandag is hulle wêreldleiers op ekonomiese gebied. Wat het ten grondslag van hierdie fenomenale groei ná die Tweede Wêreldoorlog gelê?

Prof. Ludwig Erhard van Wes-Duitsland het die krediet aan private inisiatief, die klein ondernemer, veel eerder as aan die groot bedryf gegee. Wanneer soveel individue moontlik toegelaat word om hul eie toekomst te bepaal, word produktiewe kragte sonder weerga opgewek. In die simpatieke klimaat deur regerings geskep, het die klein onderneming gefloreer en 'n sleutelrol in die heropbou gespeel.

Die ná-oorlogse jare het 'n toenemende konsentrasie van ekonomiese mag gesien. "Hoe groter, hoe beter" was die wekroep van die tyd. In groot is 'n verskansing gesien teen die elemente van onsekerheid en onstabieleit op ekonomiese, politieke en sosiale gebied. Groepvorming het gevolglik toegeneem.

Maar dit was onvermydelik dat die gety moes draai. Snelle tegnologiese ontwikkeling moet tred hou met die menslike natuur, sy behoeftes, sy doelstellinge. Ontwikkeling is afhanklik van die "grootte" van die mens, wat klein is, en gevolglik in klein 'n simpatieke begrip vind. Wanneer die menslike natuur in opstand teen die moderne tegnologie kom, begin hy homself distansieer en raak hy onbetrokke.

Vir jarelank is voorspel dat die klein onderneming uiteindelik sou swig voor die aanslag van die groter wordende ondernemings. Dit is nie bewaarheid nie. Net die teenoorgestelde gebeur vandag. Skielik is daar groot belangstelling vir die klein sakeonderneming by akademië, regerings en sakelui. As daar een opvatting is wat totaal foutief bewys is, dan is dit dat daar in die moderne ekonomie geen plek vir die klein, onafhanklike sakeonderneming is nie.

Op die vooraand van die tagtigerjare is ons nou op die drumpel om weer 'n industriële revolusie te betree. Wêreldwyd word die lewenskragtigheid wat verskuil lê in die eenvoud van "klein wees" herontdek — word die antwoorde daar gesoek vir die probleme wat die groot bedryf toenemend ondervind.

Groot dink klein

Vroeër sou dit algemeen gewees het om te sê: "Klein dink Groot", maar in 1979 sou dit nader aan die kol wees om te sê dat "Groot nou Klein dink". Hoe om lewenskragtig te bly, is 'n universele probleem vir groot ondernemings. Oornames is een manier, maar in 'n land soos die VSA is dit vandag nie so maklik nie. Edward Kennedy is een van die voorste "antitrust"-manne en indien hy tot die presidentsverkieping toetree, kan groter beperkinge op die uitbreidingsmoontlikhede van ondernemings verwag word.

'n Besef is besig om pos te vat dat die beste strategie vir winsgewende groei die ontwikkeling van nuwe ondernemings binne korporasies is. Die strategie van die klein onderneming het 'n geskiedenis van welslae en daar is 'n gevoel dat groot ondernemings by die kleineres se ontwikkeling kan leer wanneer nuwe ondernemings beplan word.

Groot ondernemings se pogings tot diversifikasie is egter dikwels nie suksesvol nie omdat:

- entrepreneurstalent skaars is in die groot onderneming;
- praktiese ondervinding dikwels ontbreek om die onderneming van stigting tot toetrede tot die mark te loods;
- daar 'n gebrek aan filosofiese klimaat vir die bestuur van 'n klein onderneming is;
- te veel gespesialiseerde kennis dikwels ingebring word — en daarmee saam ook rompslomp;
- die bestuurstyl te formeel mag wees en lei tot organisatoriese stramheid.

Die wese van die klein sakeonderneming is die regte man, op die regte plek, met die regte idee, en die dwingende begeerte en deursettingsvermoë om daaraan uitvoering te gee.

'n Klein onderneming moet aanpasbaar en buigsaam wees, veral sover dit die besluitnemingsproses betref. In buigsaamheid moet die klein onderneming vergoed vir wat hy in getalle en spesialisasie kortkom. "The venture manager can't manage by consensus".

In die VSA kry ons twee definitiewe gedagterigtings wat betref die kwessie van klein of groot. Die een groep sê groot is nadelig en skadelik vir die ekonomie en die samelewing, terwyl daar 'n tweede groep is wat meen dat groot voordelig is en dat oornames nie teengestaan moet word nie omdat dit help om van ondoeltreffende bestuurders ontslae te raak.

Die teenstanders van groot ondernemings grond hulle aanvalle op die sosiale probleme wat die grotes sou veroorsaak, die feit dat te min mense 'n sê het in wat geproduseer word en die ekonomiese, politieke en sosiale mag wat in die hande van 'n klein groepie mense gekonsentreer word.

Die aanhangers van die groot onderneming se verweer aan die ander kant is dat 'n beperking op oornames swak bestuur laat bly voortbestaan en dat dit bydra tot 'n swak beleggingsklimaat. Die mark moet self besluit of 'n samesmelting of oorname 'n sukses is al dan nie. Hulle meen dat groot ook doeltreffend kan wees en verwys na die kwaai mededinging tussen die reuse wat hoë produktiwiteit en lae pryse vereis.

Insiggewend is dat die vertroue in groot sakeondernemings in die VSA vanaf 41% in 1966 tot net 14% in 1978 gedaal het. "Klein is Mooi", sê die Amerikaners en hierdie opvatting word ook weerspieël in hul hulpprogramme aan klein ondernemings, waarvoor later meer gesê word.

Belang van klein

Teen hierdie tyd moet dit reeds vir u duidelik wees dat die klein onderneming geen geringe invloed in Westerse ekonomieë het nie. Volgens die Bolton-verslag oor klein sake wat in 1971 in Brittanje uitgebring is, is die klein onderneming so belangrik dat indien dit nie bestaan het nie, dit nodig sou gewees het om dit uit te vind.

Nêrens kom die vrye ondernemingstelsel beter tot uitdrukking as juis in die klein onderneming nie. Groei en wins is die spil waarom dit draai in hierdie onderneming wat 'n hoë risiko/vergoeding-oriëntasie van die entrepreneur vra.

Hier is ons by die wortels van 'n stelsel wat 'n ongeëwenaarde rekord van welvaartskepping het. Dis interessant om daarop te let hoeveel klein ondernemings in motorhuise begin het — ook in plaashuise en selfs konsistories! Die motorhuis is by uitstek 'n goeie teelaarde, waar-

skynlik vanweë die lae oorhoofse koste en die eenvoud daarvan, wat baie belangrik in die ontwikkelingsstrategie is. Verder bied 'n motorhuis die soort omgewing wat mense besiel om sukses te behaal — 'n gevoel dat dit net beter kan gaan.

U moet onthou dat die belangrikste biochemiese ontdekking van hierdie eeu, die struktuur van die DNA-molekuul, nie in 'n moderne laboratorium in Amerika ontdek is nie, maar in 'n fietskuur in Cambridge. Die klein en onafhanklike ondernemings is nie die skepping van rade, komitees, fondsbestuurders of owerhede nie, maar van die individu. Dis die produk van die entrepreneur se inisiatief, sy skeppende denke, ambisie en uiteindelik sy deursettingsvermoë om die sukses daarvan te verseker. Daarom is dit so noodsaaklik dat die geleentheid tot toetrede tot die vrye ekonomie te alle koste behoue sal bly vir die individu.

Daar is genoeg van 'n Skot in elke mens om hom harder te laat werk vir sy eie welstand en vordering. Wie sal in die middel van die nag opstaan om die stukke windpomp van sy buurman of die staat reg te maak of om 'n siek koei te verpleeg? As alles almal s'n is, is niks niemand s'n en word ook nie omgegee nie.

Goeie voorbeelde

Die klein sakeonderneming is die spierkrag van enige ekonomie. Vergun my daarom om 'n paar gevallestudies met u te bespreek.

Een van die mooiste voorbeelde vind ons in Swede. In die klein platelandse distrik Gnosjö, met 'n bevolking van minder as 9 000, word 250 klein nywerhede, meestal in die metaalbedryf, aangetref en byna almal maak 'n wins. Daar is geen werkloosheid of sosiale probleme nie. By dié mense word die voorreg om onafhanklik te wees en 'n wins te maak, soos 'n kosbare kleinood vertroetel.

Gnosjö se industriële geskiedenis het in die 18de eeu begin toe die gebied se trekarbeiders die tegniek van draad span, geleer het. Vandag word enigiets gemaak — van muisvalle tot broeikaste, emmers en waentjies. Een firma maak 3 miljoen klerehake per dag en is die grootste in sy soort in Europa. Verder bestaan Gnosjö se produkte uit onderdele vir televisiestelle, telefone, motors en nog honderde andere. Danksy hierdie verskeidenheid kon Gnosjö nog altyd daarin slaag om die nadelige uitwerking van fluktuasies in die konjunktuur tot 'n minimum te beperk.

Die trots van die distrik is 'n fabriek — Götärps Fabriks — wat 7 000 verskillende metaalonderdele maak — 9 miljoen daarvan per dag. Meer as 1 700 kliënte word bedien, terwyl die fabriek minder as 100 werknemers het. Götärps Fabriks het byna 70 jaar gelede begin om skoenringe te maak. Hy doen dit vandag nog, maar produseer ook tekstielware en elektroniese en ingenieurstoerusting.

Gnosjö is ook 'n les in menseverhoudinge. Die gemeenskap word gekenmerk deur lojaliteit en hulpvaardigheid. Die inwoners het gemeen-

skaplike doelstellinge en belangstellinge en dit lei tot goeie spanwerk en welvarendheid. Die enigste manier waarop die werkgewer van die werknemer onderskei word, is dat eersgenoemde die telefoon beantwoord!

Interessant is dat werkgewers dikwels werknemers aanmoedig om op hul eie te gaan en self ondernemers te word. En wanneer die werknemer wel die stap doen, dan word hy al die nodige ondersteuning gegee. Hier is selfbelang gewis nie ook selfsug nie.

Baie van Gnosjö se mense tree tot die besigheid toe deur bedags vir ondernemings te werk en saans en naweke in hul agterplase vir eie gewin. Later word 'n werkswinkel aangeskaf en word uitgebrei na gelang van die behoefte om meer te produseer.

Wat is die geheim van hierdie mense se sukses? Drie redes word genoem:

- rasionele produksie
- moderne masjinerie
- en die minimum administrasie

Suid-Korea, met sy bevolking van 37 miljoen, is 'n tweede voorbeeld wat vermelding verdien. Ná die Tweede Wêreldoorlog was hierdie land so brandarm dat sy mense die bas van bome geëet het om aan die lewe te bly.

Vandag word geraam dat Suid-Korea se ekonomie binne die volgende twaalf jaar so groot soos dié van Frankryk sal wees. Dit sal hom op ekonomiese gebied een van die wêreld se tien grootstes maak.

Suid-Korea se ontwikkeling die afgelope ses jaar was byna ongelooflik. Massiewe werkloosheid, lae landbouproduksie en die swak buitelandse vraag wat op die oliekrisis van 1963 gevolg het, het die land gedwing om 'n dinamiese uitvoerstrategie te volg.

Dit het vrugte afgewerp. Suid-Korea produseer nou reeds 'n aansienlike gedeelte van die wêreld se tekstiele, skoeisel en elektroniese toerusting. Binnekort sal dit die VSA, Japan en Europa op die gebied van primêre nywerhede — staal, motors en skeepsbou — aandurf.

Die ekonomiese ontploffing in Suid-Korea word toegeskryf aan 'n kombinasie van sterk leierskap, goeie beplanning en harde werk wat vergoed vir die land se tekort aan natuurlike hulpbronne. In die hoofstad Seoul beskou die 8 miljoen inwoners 'n werkswaek van 60 uur as normaal.

Sedert 1961 het Suid-Korea se nasionale koek — die Bruto Nasionale Produk — met 10% per jaar gegroei. In die vervaardigingsektor was die groei koers selfs groter — naamlik 17%. Dit het daartoe bygedra dat die per capita-inkomste van 82 VSA-dollars tot 1 242 dollars toegeneem het. Uitvoere het met 'n ongelooflike 40% per jaar sedert 1961 gestyg.

In Suid-Korea word die entrepreneur wat uitvoere bewerkstellig feitlik tot nasionale held verhef. Miskien moet ons dit in Suid-Afrika doen met diegene wat werkgeleenthede skep!

Italië is 'n ander land waar klein ook mooi en bruikbaar is. Nagenoeg drie miljoen Italiane maak 'n bestaan uit tuisnywerhede en hulle skoelisel, erdewerk en glasware is in baie gevalle sonder gelyke in die wêreld.

Ná jare van min of geen groei was dit die leër van klein ondernemings wat 'n sterk ekonomiese oplewing in Noord-Italië teweeggebring het deur sukses te behaal waar groter maatskappye misluk het.

U mag vra waarom? In Italië is die klein saak nie onderhewig aan die strenge arbeidswette wat dit byvoorbeeld byna onmoontlik maak om mense te ontslaan as hulle vir jou geen verdere nut het nie. Selfs die huwelikswette daar is meer buigsaam!

Die arbeidswette in Italië vereis ook dat werkgewers 30% en meer van hul werknemers se salaris oorbetaal aan groeiende welsynsprogramme van die staat. Terwyl die groot ondernemings noustrop trek, floreer die kleintjies. Hulle word gedwing om produktief te wees, want sodra te veel personeel in diens geneem word, val hulle ook onder die wet en styg kostes aansienlik.

Vanweë die pogings van Italië se groepe klein sakeondernemings het die land se uitvoere in 1978 met 11% gestyg — een van die grootste toenames ter wêreld. Buitelandse valutareserwes is met R11 miljard versterk, terwyl die betalingsbalans 'n oorskot getoon het.

Pas verlede maand was dit my voorreg om in Durban die pryse te oorhandig aan die weners van die Sunday Tribune se Uitvoerder van die Jaar-kompetisie.

Die algehele wenner, Castellano-Betrane van Oos-Londen, is 'n mooi voorbeeld van 'n onderneming wat met skeppingsvermoë en goeie dienslewering die uithoeke van die wêreld met sy produkte bereik.

Die onderneming maak versierings (dekoratiewe omboersel, koord, ens.) vir 'n wye reeks van produkte waaronder bedspreie, lampkappe en matte. Altesame 15 000 basiese items word gemaak. Ten einde mededingend te bly met Europese vervaardigers word van hierdie onderneming vereis om op die voerpunt met innovasies te bly. Die afgelope vier maande is nie minder nie as 200 nuwe ontwerpe gemaak met 'n sukses-koers van 30%.

Betrane het as 'n klein huisnywerheid begin vir die maak van handgemaakte artikels. Tans het hy 270 werkers in diens en is 31% van die onderneming se produksie verlede jaar uitgevoer.

Dinamika van klein

Daar word geraam dat twee-derdes van die wêreldbevolking bestaan — of net daarin slaag om te oorleef — op minder as R300 per jaar.

Ekonomiese ontwikkeling, werklike welvaartskepping, kom van onder af. Dit begin by die klein dinge en dis miskien hoekom owerhede soms nog onsimpatiek staan teenoor klein ondernemings. Regerings dink nie baie goed "klein" nie.

Die industriële revolusie in Brittanje en die VSA het klein begin — met eenaar-bestuurde ondernemings wat in die eenaars se leeftyd groot ondernemings geword het — die Wedgwoods, Cadburys, Fords en Carnegies.

My eie onderneming se begin was, soos u self weet, baie beskeie. Ons beleid van deelgenootskap — vennootskap in die nywerheid — is gegrond op die geloof dat mense gehelp moet word om selfstandig te ontwikkel. Groei en vooruitgang is aansteeklik. Dit skep welvaart wat tot groter welvaart lei wanneer dit gedeel word.

In **Lesotho** het ek na dié onafhanklikheidswording in 1966 'n aanbod van ere-nywerheidsadviseur aanvaar en een van my mees senior en ervare kollegas aan die swart staat gesekeundeer om aan die hoof te staan van Lesotho se Nasionale Ontwikkelingskorporasie. In daardie stadium was Lesotho beskou as op twee ná die armste land ter wêreld, met 'n per capita-inkomste van R33 per jaar. Dit is ietwat minder as wat Duitsland jaarliks per capita aan blomme bestee.

Dit was 'n geweldige uitdaging. Uit niks moes iets geskep word. Die ontwikkelingskorporasie het in die wete dat een suksesvolle nyweraar 'n hele gemeenskap kan inspireer om die bedelstaf vir die graaf te ver-ruil, hom dit ten doel gestel om deur plaaslike nywerhede meer werk te skep en sodoende Lesotho se grootste bate — sy mense — beter te benut.

Met behulp van bevriende maatskappye is kundigheid met die Basotho's gedeel en het vertroue geleidelik begin toeneem. Ons uitgangspunt was: "That it is better to light a small candle than to curse the darkness" en geheel gepas was die eerste nywerheid ook 'n kers-fabriek.

Binne die bestek van net sewe jaar het welvaart na Lesotho gekom. Vir elke een rand wat die LNOK geïnvesteer het, is R70 in buitelandse kapitaal gelok — 'n totaal van R25 miljoen tot 1973.

Tegnologie

Die enigste blywende ontwikkeling is selfontwikkeling. Daarom lê die sleutel tot ekonomiese ontwikkeling in swart gebiede myns insiens in die stimulering van klein, inheemse ondernemings. Ek wou dit reeds in 1959 doen, maar is toe belet omdat ek dan sogenaamd die plaaslike tuislandbevolkings sou uitbuit. Die tekort aan entrepreneurs in ontwikkelende gebiede is dikwels die gevolg van die toepassing van 'n te gevorderde tegnologie in 'n betreklik ongesofistikeerde omgewing. Dit belemmer selfstandige ontwikkeling en maak die mense vir wie se welsyn dit bedoel is, eerder meer as minder afhanklik.

In baie arm lande tref ons vandag produksiemetodes en verbruikspatrone aan wat selfstandige ontwikkeling onmoontlik maak. In Suid-Afrika sal ons moet kyk na die wyse waarop ons ontwikkeling toepas. As mense nie by die tegnologie kan aanpas nie, moet ons die tegnologie by hulle aanpas.

Ons het skrilte teenstellings in Suid-Afrika. Ons het 'n gesofistikeerde ekonomie en 'n totaal ongesofistikeerde ekonomie naas mekaar. Wat die gesofistikeerde betref, is ons die enigste land ter wêreld, buite Duitsland, waar Daimler-Benz motors gemaak word — nie vragmotors nie. En as u gaan kyk na die fabriek in Oos-Londen sal u sien dat dit in 'n groot mate Xhosas is wat die werk doen. En hulle maak goeie motors omdat die hoogs tegnologiese vervaardigingproses afgebreek is tot eenvoudige herhalende take.

Dieselfde geld in Detroit. As jy daar in die put kyk, is die man wat onder vasdraai dikwels 'n Neger. Dis al wat hy doen, van die môre tot die aand.

Dieselfde geld vir die elektroniese bedryf hier te lande.

Ons het die wonderlike geleentheid in Suid-Afrika om miljoene mense aan die werk te sit. Ons behoefte is nie aan massaproduksie nie, maar aan produksie deur die massas. Ons kan leer uit die Britse industriële revolusie toe tuiswerkers in groot getalle halfverwerkte produkte by fabriekke gaan haal het, dit tuis voltooi en teruggeneem het. So is die grondslag vir talle nuwe nywerhede gelê namate werkers kundigheid verwerf het.

Invoerders van produkte word dikwels vervaardigers van daardie produkte soos hul kennis van die produk vermeerder. Dis 'n ontwikkeling waarna ons met vrag kan kyk. Invoervervanging bied aan Suid-Afrika uitstekende geleenthede tot werkskepping.

Daar is ook gevind dat tegniese opleiding 'n belangrike faktor is in die stimulering van ondernemerskap — die skrynwerker, die kleremaker en die ingenieur is dikwels die suksesvolle entrepreneur. Dis belangrik dat die private sektor meer belê in tegniese opleiding en die skepping daardeur van 'n toekomstige bron van entrepreneurs.

Produksie

In baie Westerse lande word ekonomiese ontwikkeling gestrem deurdat al hoe minder mense aktief betrokke by fisiese produksie is. Daar word geraam dat in die VSA net die helfte van die totale bevolking gesalarieerde betrekkings beklee. Een-derde hiervan is by produksie betrokke en hulle onderhou elk gemiddeld vyf ander persone. In ons tuislande is dit waarskynlik tussen elf en twaalf persone wat deur een verteenwoordiger in die nywerheid onderhou word.

Alles inaggenome spandeer die gemiddelde persoon sowat 'n vyfde van sy totale tyd in sy werk. Hieruit word dan afgelei dat een-vyfde

van een-derde van die helfte — dus $3\frac{1}{2}\%$ — van Amerikaners se totale sosiale tyd aan produksie bestee word. Die ander $96\frac{1}{2}\%$ word in beslag geneem deur slaap, eet, televisie-kyk en ander aktiwiteite wat nie direk produktief is nie.

Hoewel laasgenoemde syfers miskien nie te letterlik vertolk moet word nie, wys dit tog duidelik dat moderne tegnologie die mens in staat gestel het om 'n onbenullige gedeelte van sy beskikbare tyd aan produksie te bestee.

Hierdie neiging het veel daartoe bygedra dat baie menslike plesier uit fisiese produksie gehaal is. Vandag is prestige gekoppel aan die $96\frac{1}{2}\%$ -aktiwiteite. Die stelling kan seker gemaak word dat moderne tegnologie die mens ontnem het van die werk wat hy die meeste geniet — skeppende, bruikbare werk met hande en verstand. En die prestige is nie gekoppel aan die $3\frac{1}{2}\%$ van die bruikbare produktiewe tyd nie, maar aan die neuriesangers, televisieaankondigers, sokkersterre en bofbalhelde.

Wat is klein?

Om te produseer, is om te leef. Ons het nou reeds in die breë gekyk na die dinamika van die klein, onafhanklike onderneming met sy welvaartskeppende hoedanighede. Miskien het die vraag al by u opgekom wat bedoel word met 'n klein onderneming; wat die omvang en voordele daarvan is en wat gedoen word om sy voortbestaan te verseker.

Vir die begrip **klein** is daar verskeie definisies — elke land het feitlik sy eie maatstawwe. In Suid-Afrika dink die Adviesburo vir Klein Sake-ondernemings aan 'n klein onderneming as een wat:

- privaat besit en bestuur word;
- 'n jaarlikse omset van nie meer as R1 miljoen het nie;
- bates het wat nie R500 000 oorskry nie;
- nie meer as 5 bedryfstakke het nie;
- en minder as 100 mense in diens het.

Omvang

Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) het in 1971 'n verslag gepubliseer oor die rol van die klein sakeonderneming. Enkele bevindinge uit die ondersoek, wat op die organisasie se 16 lidlande gemik was, is dat:

- Sowat 90% van alle industriële ondernemings in Oostenryk, België, Japan, Noorweë, Switserland en Swede minder as 50 mense in diens het. In Ierland het 60% van alle nywerheidsondernemings minder as 20 persone in diens en in Portugal is die syfer 3 tot 20 werknemers in 85% van die nywerheid.

— In Japan verskaf sakeondernemings met minder as 50 werknemers werk aan nagenoeg 70% van die arbeidsmag in die vervaardigingsektor.

Vervolgens wil ek kortliks aan u die posisie in 'n paar leidende Westerse lande skets.

In **Amerika** is tussen 95% en 98% van alle sakeondernemings klein volgens die Amerikaanse definisie. In totaal is daar nagenoeg 13 miljoen klein ondernemings waarvan sowat 10 miljoen eenmansake is. Werk word verskaf aan 50% van die arbeidsmag (40 miljoen mense), uitgesonderd die staatsdiens, terwyl die bydrae van die klein onderneming tot die Bruto Binnelandse Produk 43% en hul belastingpligtigheid 20% van die totaal van sakeondernemings uitmaak.

In die Amerikaanse konstruksiebedryf, wat ambagte insluit soos elektrisiëns, loodgieters en verfkontrakteurs, word 8 uit elke 10 dollars deur klein sake verdien.

In die kleinhandel maak ondernemings met minder as 20 mense in diens 95% van die totaal uit, terwyl 69% van alle groothandelaars in die VSA minder as 20 werknemers het. Op 6% ná bestaan alle groothandelaars slegs uit enkele bedryfseenhede.

Wes-Duitsland se industriële ondernemings met 'n werkerstal van minder as 100, maak 90% van alle nywerhede uit, terwyl die bydrae tot die totale produksie 23% beloop. U kan duidelik sien dat die groot in Wes-Duitsland werklik groot is — hulle produseer meer as 'n driekwart van die totaal.

Japan het meer as 5 miljoen klein ondernemings wat aan 80% (31 miljoen) van die werkers in die private sektor werk verskaf. In dié land word 47% van die geld wat banke uitleen deur klein ondernemings opgeneem. Vergelyk dit met Brittanje, waar klein sake slegs 25% van die werkgeleenthede in die privaat sektor verskaf en slegs 13% van banke se geld leen.

Klein nywerhede maak 99% van die totaal in Japan uit en lewer 40% van die land se uitvoerproduksie en 50% van die totale waarde van vervaardigde goedere.

Die klein winkel speel steeds 'n belangrike rol in die Japanse ekonomie. Tien jaar gelede was daar al meer as eenmiljoen van hierdie winkels, met net een of twee persone in diens, en het dit 'n bydrae van 20% tot die totale kleinhandelomset gelever.

In die **Britse ekonomie** was daar die afgelope paar dekades 'n dalende tendens in die klein onderneming se aandeel in die nasionale ekonomie. In die vervaardigingsektor het die getal klein ondernemings byna met 50% gedaal oor 'n tydperk van 30 jaar. Waarnemers skryf die ekonomiese verval in die Verenigde Koninkryk onder meer aan die erosie

van hierdie sektor toe. Ek glo die belastingstelsel het baie bygedra tot die verval van die klein onderneming.

Desnieteenstaande is die klein onderneming steeds 'n baie wesentlike faktor. Die bydrae daarvan tot die BNP bedra 20% en in die konstruksie-bedryf alleen is meer as 72 000 klein firmas, met minder as 25 werknemers elk, aktief.

In 1976 was daar 276 000 kleinhandelondernemings in Brittanje en het die kleineres 49% van die werkgeleenthede in die sektor verskaf.

As 'n persentasie van alle firmas in 'n bedryfstak, is klein sakeondernemings veral baie prominent in die kleinhandel (96%), spyseniering (96%), vervaardiging (94%), en vervoer (90%). As 'n persentasie van die totale arbeidsmag in klein bedrywe is dienste los voor met 82% van alle werknemers.

Weens 'n tekort aan statistiek is die posisie in **Suid-Afrika** nie heeltemal so duidelik nie. Daar word nietemin geraam dat 86% van ons nywerheidsondernemings klein is, met minder as 100 mense in diens. Hulle verskaf nagenoeg 35% van die werkgeleenthede in dié sektor.

Volgens die kleinhandelsensus van 1970/71 was daar 52 000 kleinhandelsake in Suid-Afrika, waarvan 64% eenmansake was. Werk is aan meer as 300 000 mense verskaf, terwyl die totale jaarlikse salarisse en lone byna die R400 miljoen-kerf bereik het. Daar word geskat dat klein sakeondernemings tot 70% van die totale kleinhandelsomset kan lewer.

Voordele

Een van die grootste en belangrikste voordele van die klein onderneming is sy onbetwiste vermoë om **werk te skep**. Amerika se ondervinding in dié verband illustreer dit die beste.

En dit was een van die redes wat daartoe aanleiding gegee het dat ons so dringend met Klein-sake begin het.

In die 8 jaar tot 1977 het die Amerikaanse ekonomie 9 miljoen betrekings geskep — 3 miljoen deur die afsonderlike state en plaaslike owerhede en 'n halfmiljoen deur die 1 000 grootste maatskappye ('n gemiddelde van sowat 60 werkgeleenthede per maatskappy per jaar). Die balans van 5 500 000 nuwe betrekings is deur klein firmas geskep.

En as ons nou praat van 'n miljoen swartes sonder werk in Suid-Afrika en ons dink ons gaan die werkverskaffing doen deur die groot sake, kyk dan net wat in Amerika gebeur het in agt jaar. Die duisend grootste maatskappye kon elk gemiddeld net meer as 60 werkgeleenthede per jaar skep. Dit was die klein sake wat die mense moes werk gee. Ons moet dus omdraai as ons werkverskaffing wil bevorder — ons moet kyk na die klein sakeondernemings.

In 'n tweede ondersoek wat deur die Massachusetts Institute of Technology gedoen is, is bevind:

- dat 60% van alle werk in die VSA deur klein sake met minder as 20 werknemers geskep word;
- dat groot ondernemings (met meer as 500 werkers) minder as 15% van alle nuwe betrekkinge skep;
- dat die meeste werk geskep word deur ondernemings jonger as vier jaar. Daarna daal die kurwe.

Die kenmerkende profiel van 'n werkskeppende onderneming is dat hy **klein** en gewoonlik **onafhanklik** is, met 'n neiging tot **onbestendigheid**. Ironies genoeg is die eienskappe wat aan die klein onderneming sy veerkragtigheid verleen ook dié wat beleggers en ontwikkelingsowerhede die meeste afskrik. Watter bank kan met vrye gewete of watter versekeringsmaatskappy met rein gewete geld gee aan die nuwe klein onderneming? Die risiko is te groot. Hoe moet ons dan die werkskeppingsprobleme oplos? die banke werk baie eerder saam met groot, bekende korporasies wat 'n bestendige geskiedenis het, maar weining nuwe werk skep.

'n Tweede belangrike voordeel van die klein onderneming is sy **buigsaamheid**. Groot maatskappye het dikwels baie van die nadele van die staatsdiens. Kommunikasiekanale raak te lank en besluitneming is soms stadig omdat daar te veel kanale van raadpleging is. Ons het die probleem probeer oorkom deur een persoon in elke maatskappy van ons groep te plaas wat niks anders doen as kommunikasie nie. Ons noem hom ook Groepskoördinator en sy taak is bloot om kommunikasiekanale oop te hou. Die entrepreneur word in die groot bedryf deur die bestuur vervang. Vir die werknemer kan dit weinig skeel wie die eienaar is van die onderneming in wie se diens hy is.

Die klein onderneming is in die derde plek die **lewensbloed**, die wese, die suiwerste vorm waarin die vrye ondernemingstelsel tot uiting kom en daarom is dit ook die sterkste teenvoeter teen die Kommunisme en Sosialisme. Vir hom wat wil werk, is sukses binne bereik. Die individualiteit van die ondernemer wat vry is om in eiebelang te waag en 'n wins te maak, is in stryd met die Marxis se beleid van kollektiwisme.

Verder bied die klein saak ruim geleentheid vir **innovasies** — die ontwikkeling van nuwe produkte en dienste — verbreed hy die **mededingende basis** van die ekonomie en is hy 'n **goeie vennoot** van die groot bedryf. Ek noem graag 'n paar voorbeelde:

- In die VSA is 64% van General Motors se komponentleweransiers klein ondernemings met minder as 100 werknemers in diens.
- Die Du Pont-maatskappy in Amerika is afhanklik van 30 000 verskillende firmas vir komponente — hiervan is 93% klein ondernemings.
- In Japan word 51% van die waarde van komponente wat vir naaimasjiene gebruik word deur klein ondernemings gelewer — 97% van hulle beskik oor nie meer as R30 000 aan kapitaal nie.

Op **maatskaplike** gebied lewer die klein saak 'n belangrike bydrae tot die bestending en welstand van gemeenskappe. In afgeleë, plattelandse gebiede is hy dikwels die enigste bron van arbeid. Sy wel en weë is nou verweef met dié van die verbruiker.

Stimulering van die klein bedryf is 'n teenvoeter vir die verbrokkeling van gemeenskappe. Na raming sal sowat 80% van Suid-Afrika se bevolking in die jaar 2 000 in stedelike gebiede woon. Hierdie stroom en die las wat dit op stadsbeplanners plaas, kan slegs gestuit word deur die lewensvatbaarheid van plattelandse gemeenskappe te verhoog.

Hierin kan klein sakeondernemings instrumenteel wees omdat hulle die probleme van verstedeliking en werkloosheid die beste kan bekamp en help om menswaardige gemeenskappe te bou.

Hulpprogramme

Ontwikkelingskapitaal vir die klein onderneming is 'n algemene probleem. Die private belegger het vandag grootliks van die aandelebeurs verdwyn en sy spaargeld word deur institusionele beleggers (pensioenfondse en versekeringsmaatskappye) gekanaliseer.

Hierdie instelling stel nie juis belang in klein beleggings in klein ondernemings nie sodat baie spaargeld nie die weg terugvind na die produktiewe ekonomie, waar dit werkgeleenthede kan skep nie.

U kan nie die bestuur van 'n assuransiemaatskappy kwalik neem as hy die assuransiegeld van die klein man vat en dit vir die groot saak gee en supermarkte bou nie. Dis wat gebeur. Trouens, hy kan kwalik geneem word as hy die risiko loop om die klein man op sy bene te bring. Dit is nie sy werk nie.

Hulpprogramme, hoofsaaklik van owerheidsweë, word in die meeste Westerse lande aangetref. Amerika het die **Small Business Administration**, wat in 1953 gestig is om finansiële hulp te verleen aan die klein sakeman wat reeds in die besigheid is of wat wil begin.

Die SBA staan tussen 25 000 en 30 000 lenings per jaar toe. In die eerste 25 jaar van sy bestaan, is 22 000 miljoen dollars se leningshulp toegeestaan. Die verliespersentasie is sowat 4%.

In Baltimore het 'n bankgroep onlangs aangekondig dat hy 35 miljoen dollars in die vorm van langtermynfinansiering beskikbaar gaan stel aan klein en medium groot ondernemings. Hoewel hierdie ondernemings meer as 50% van die werkgeleenthede in Baltimore verskaf, het hulle probleme om langtermyn-lenings te kry.

Brittanje beskik oor: **Intermediate Technology Industrial Services (ITIS)**, wat tegniese en finansiële hulp verleen en veral op eenvoudige tegnologie konsentreer; **The Islington Small Business Counseling Service**, wat behulpsaam is met die vestiging van nuwe ondernemings, die identifisering van finansieringsbronne en die verskaffing van inligting oor

hulpskemas; en die **London Enterprise Agency (LENTA)**, wat deur ses groot maatskappye en vier banke gestig is met die doel om tegniese en bestuurskundigheid na die kleiner sake te kanaliseer.

Die Nederlandse projek **Kleinood** is daarop gemik om klein ondernemings te laat deel in die kundigheid van groter ondernemings. In Nederland word 60% van alle werkgeleenthede deur klein firmas geskep. Die groot ondernemings erken hierdie waardevolle funksie van die kleintjies en bied vrywillig hul hulp aan om die lewenskragtigheid van klein sake te verbeter.

Kleinood verskaf nie finansiering nie — dit kom van die staat — maar konsentreer op tegniese en bestuursdienste. Spesialiste word aan klein ondernemings gesekondeer, terwyl ook goeie gebruik van afgetrede sakebestuurders gemaak word.

Sedert die begin van die dekade is verskeie adviesdienste vir klein sakeondernemings in Suid-Afrika gevestig. Die **Adviesburo vir Klein Sakeondernemings (ABKS)** is in 1970 by die Potchefstroomse Universiteit gestig as 'n gesamentlike poging van die georganiseerde handel en die Regering om klein ondernemings van advies te bedien.

Ander universiteite het gevolg: die Nagraadse Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch met die **Instituut vir Entrepreneurskap en Bestuurswese**; die Witwatersrandse Universiteit met die **Centre for Developing Business** en die Universiteit van die Noorde met die **Adviesburo vir Swart Sakemanne**. Ook verneem ek dat die Universiteit van Wes-Kaapland tans aandag aan 'n soortgelyke instituut skenk.

Ander hulp aan die klein onderneming is beskikbaar van die Tegniese Inligtingsdiens van die WNNR, die Nasionale Produktiwiteitsinstituut en die Buro vir Finansiële Analise aan hierdie universiteit.

Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie

Maar advies is slegs een sy van die munt. Die ander is finansiering en wat dit betref, is daar in Suid-Afrika nog 'n groot leemte. Die klein man, wie se kapitaal gewoonlik karig is, is hoofsaaklik op die bank aangewys.

Omdat my groep begrip het vir "klein wees", het ons vroeër vanjaar besluit om in vennootskap met die klein onderneming in Suid-Afrika te tree met die stigting van die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie, waarvan u deeglik bewus is.

Ons doel is om entrepreneurstalent te identifiseer, bedryfsopleiding te stimuleer en deur middel van lenings en die opneem van belange ondernemers in die vrye ekonomie te vestig. Daarmee saam sal ons in medewerking met die Adviesburo vir Klein Sakeondernemings en bevriende groepe advies- en nasorgdienste lewer wat daarop gemik is om die vrye ondernemingstelsel uit te bou en welvaart oor bevolkingsgrense heen binne almal se bereik te bring.

Laat my toe om 'n paar pertinente en interessante sake aan u te noem.

Die Westerse beplanners — en hulle het hier by ons ook oorgeneem — sê dat fabriek uit die stad moet padgee. Daar mag nie rook of fabriek naby die stad kom nie. Ons moet leef soos in die paradys (Utophia?).

Nou dink ek aan my jeug in Graaff-Reinet en ook aan die hoek van Somersetstraat en Bourkestraat. Op die een hoek staan die kerk en reg teenoor dit die drukkery. Op die ander hoek was die smidswinkel waarin die smid sommer gebly het ook. Op die ander hoek was 'n winkel.

Hier in Pretoria onthou ek nog die Wallach-drukkery wat hier naby gestaan het, maar hy is vandag weg. Sulke goed mag nie naby ons wees nie.

Kyk net na Rome en die Spaanse Trappe, die beroemdste plek in Rome — minstens wanneer die blomme in die lente daar uitgestal word. Stap by die Trappe af in die Via Condotti, die voorste winkelstraat in Rome, indien nie in die wêreld nie, en daar vurk drie of vier strate na regs waarin daar in kamer ná kamer nywerhede aangetref word. Alles denkbaar word daar gemaak, soos bv. meubels, stoffeerwerk, portret-rame, koperkatels, metaalsweiswerk, ens.

Daar moet onthou word dat in Italië meer as 3 miljoen tuisnywerhede bedryf word. Die beste skoene in Italië is waarskynlik ook die wêreld se beste. Ek het Tom Bata, die grootste skoenvervaardiger ter wêreld, met fabriek in 90 lande, gevra wie daardie Italiaanse skoene maak. Hy het geantwoord dat dit ongetwyfeld die beste skoene ter wêreld is en dat dit nie in fabriek nie, maar by die huise vervaardig word.

Stap by Florence oor die pragtige brug oor die Arnorivier dan is daar nywerhede. In die hart van die Westerse beskawing is daar nywerhede waar van die beste en die fynste produkte te wêreld gemaak word.

Ons word deur beplanners geleer dat die fabriek ver weggeneem moet word van almal se woonplek. Het u al gedink wat die gevolge is van wat ons doen? Sommige moet 5-uur in die oggend opstaan en kom in die aand 9-uur tuis. Dit bring onnodige koste mee. Ek wil hoop as ons na die swartes gaan en ontwikkeling in die tuislande doen, ons die swartes sal toelaat om in hul agterplase en motorhuise bedrywe te beoefen.

Ek noem dit omdat ons in 1924 al, as gevolg van die pakt wat die Nasionale Party met die Arbeiders gevorm het, die mees verligte fabriekswetgewing gekry het — miskien twintig of dertig jaar voordat dit bekostig kon word! As jy twee mense het wat saam met jou werk, het jy 'n fabriek en daarmee saam fabrieksinspekteurs en arbeidsvakunies.

Een van ons eerste beleggings deur die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie is hulp aan 'n sweiser wat vir 'n Amerikaanse koeldrankmaatskappy gewerk het. Hulle het vir hom geld voorgeskiet om 'n sweiskursus te loop en nou doen hy die pragtigste sweiswerk vir hekke, diewering, ens. in een van die voorstede hier naby — ek moet liefies nie identifiseer nie, want dan kry hy dalk gou 'n fabrieksinspekteur! Hy had geld nodig om die geboutjie te voltooi waarin hy dié dinge doen.

In Soweto was dit vroeër onwettig om iets te maak — selfs in jou motorhuis. Ek hoop dat ons nou die eerste klein stel fabrieksgeboue gaan bou met Kleinsake. Ons moet, want dis belangrik dat ons aan daardie mense werkplase gee.

Een van die direkteure van die Kleinsake-Ontwikkelingskorporasie, Habakuk Shikwane, is vandag die grootste vervaardiger van rottangmeubels in die Suidelike Halfrond. Hy het in sy agterplaas in Soweto begin ongeveer die tyd dat ek in Johannesburg met tabak begin het. Hy het uitgewyk na 'n tuisland en is 'n groot nyweraar.

Ons het nou al meer as 100 mense "ontdek" wat onwettig die land bevoordeel deur meer waarde te skep in hul agterplase in Soweto. Ons wil as eerste stap 'n klein nywerheidskompleks bou — al begin ons met net tien nyweraars. Daardie fabriek mag ook nie sommer so lyk nie. Dis nie die hoeveelheid geld betrokke, en of jy 'n argitek het of iemand wat 'n bietjie van 'n kunstenaar is, wat aansien aan 'n plek verleen nie. Daar moet net 'n bietjie mooi gemaak word. Of jy 'n Paarlitapark of 'n staatsbehuisingkema bou, die verskil in prys is nie so groot nie. Al wat nodig is, is die empatie om te weet dat die fabriek nie na 'n krot hoef te lyk nie.

'n Ander aansoeker by Kleinsake is 'n klein slagter — 'n Kleurling wat gelukkig 'n slagtery in 'n Kleurlinggebied het. Hy verkoop nou met 'n waentjie en daarop ry sy seun en dogter saam. Hulle verkoop vleis aan hulle eie mense.

Ons het ook die eerste prokureur in 'n nuwe tuisland — die enigste regsgeleerde in 'n tuisland — gehelp. Daar is geen ander nie. Ons het hom gehelp om sy kantoor op te sit.

Sien u die genot wat 'n mens kan kry uit hulp aan ander en die geweldige moontlikhede wat daar is.

Die volgende stap is om 'n jong man te stuur met 'n Poloroid-kamera en al wat hy moet doen, is om in opdrag na Singapoer te gaan, waar ons mense hom sal rondwys. Sy taak sal wees om af te neem wat die mense bedryf in hierdie klein nywerhede. Dieselfde moet hy doen in Hongkong, Taiwan, Florence en Barcelona. Ek wil kyk waar sit die 3 miljoen in Italië, wat doen hulle, want ek is oortuig daarvan dat ons beslis met ons arbeid veel kan vermag.

Ons moet vir die ongesofistikeerde gedeelte van ons bevolking nie die gesofistikeerde wette toepas nie. Moenie sommer dadelik vakunies en

fabriekswette afdwing nie. Laat die man klein begin en die werk verskaf.

Daar is skeppende energie in Suid-Afrika wat opgegaan word. Soos water sal dit uiteindelik verrot as dit stagnant bly. Dit moet opgewek, gemotiveer en geaktiveer word sodat dit soos 'n verfrissende bries deur ons ekonomie kan waai. Suid-Afrika het te veel monde om te voed dat ons kan bekostig om terug te sit. Ons moet voorwaarts — met vertroue — sonder vrees.

PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

- 1 "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr P C Coetzee
- 2 "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof B F Nel
- 3 "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv. E H Louw
- 4 "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof J H. v d Merwe
- 5 "Livestock Philosophy" — Prof J C Bonsma
- 6 "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof J C Bonsma
- 7 "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958".
- 8 "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof H J J Reynders
- 9 "Suiweibereiding as Studieveld" — Prof S H Lombard
- 10 "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof J J Matthee
- 11 "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof D G Steyn
- 12 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part 1" — Dr C J Liebenberg
- 13 "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types" — Dr C J Liebenberg
- 14 "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof D G Steyn
- 15 "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr C P Snyman
- 16 "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof D M Joubert
- 17 "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof P M le Roux
- 18 "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof A J A Roux
- 19 "Die soek na Kriteria" — Prof A P Grové
- 20 "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof E B van Wyk
- 21 "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof D J Stoker
- 22 "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof P C Snijman
- 23 "Freedom — What for" — K A Schrecker
- 24 "Once more — Fluoridation" — Prof D G Steyn
- 25 "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof P C Coetzee
- 26 "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof J A Lombard
- 27 "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr C J Liebenberg
- 28 "Die Inligtingsprobleem" — Prof C M Kruger
- 29 "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof D G Steyn
- 30 "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof F van der Stoep

- 31 "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof Anna S Pohl
- 32 "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr D Page
- 33 "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Profesie" — Prof J J N Cloete
- 34 "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof J A E Leue
- 35 "Analitiese Chemie" — Prof C J Liebenberg
- 36 "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof D J L Visser
- 37 "Moses by die Brandende Braambos" — Prof A H van Zyl
- 38 "A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1" — Prof N Grobbelaar, M C van Beyma en C M Todd
- 39 "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof S P J J van Rensburg
- 40 Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1963/1964.
- 41 "Universiteit en Musiek" — Prof J P Malan
- 42 "Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale" — Prof P S Groenewald
- 43 Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1964/1965.
- 44 "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof G Cronjé
- 45 "Die Verbode Grond in Suid-Afrika" — Prof D G Haylett
- 46 "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof Charlotte Searle
- 47 Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1965/1966
- 48 "Op soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof W A Landman
- 49 "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof D F Mostert
- 50 Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1966/1967
- 51 "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease" — Prof Douw G Steyn
- 52 "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof D G Steyn
- 53 "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof H P van der Schijff.
- 54 "Aspects of Personnel Management" — Prof F W Marx
- 55 "Samevatting van Proefskrifte en Verhandelinge 1967/1968
- 56 Sport in Perspektief" — Prof J L Botha
- 57 "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof J A Heyns
- 58 "Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof P C Nel
- 59 "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasië in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof M C H Sonnekus
- 60 "Kristalhelder Water" — Prof F A van Duuren
- 61 "Arnold Theiler (1867-1936) — His Life and Times" — Dr. Gertrud Theiler
- 62 "Dr Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof P R Skawran
- 63 "Geskiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof F J du Toit Spies
- 64 "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktijk (M Prax Med) van die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha

- 65 Samevatting van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969
- 66 "Kunskritiek" — Prof F G E Nilant
- 67 "Anatomie — 'n Ontleding" — Prof D P Knobel
- 68 "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof F J Potgieter
- 69 "Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof P S Dreyer
- 70 "Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr G W v d Merwe
- 71 "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — Prof W L Jenkins
- 72 "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof J O Grunow.
- 73 "Some Problems of Space and Time" — Mnr K A Schrecker
- 74 "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof J P Oberholzer
- 75 Titels van Proefskrifte en Verhandelinge ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972
- 76 "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof D J Swiegers
- 77 "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof J J de Klerk
- 78 "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof C J van Dyk
- 79 "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof J M T Labuschagne
- 80 Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan—9 Feb 1973
- 81 "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof R D Coertze
- 82 "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof F W Marx
- 83 "Bakensyfers vir Diereproduksie" — Prof D R Osterhoff
- 84 "Die Ontwikkeling van die Geregte Geneeskunde" — Prof J Studer
- 85 "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof J L Botha
- 86 Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4-7 Feb 1974.
- 87 "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof H P Botha
- 88 "Opleiding in bedryfseconomie in die huidige tydvak" — Prof F W Marx
- 89 "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof S R van Jaarsveld
- 90 "The Clinical Psychologist: Training in South Africa. "A report on a three-day invitation conference: 11 — 13 April 1973
- 91 "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof L Peeters
- 92 "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk" — Prof P B van der Watt
- 93 "Die funksionele anatomie van die herkouermaag — vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof J M W le Roux
- 94 Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975

95. " 'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof G van N Viljoen
- 96 "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof G N Louw
- 97 "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966 — 1975"
- 98 "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof P J Potgieter
- 99 "Inligtingsbestuur" — Prof C W I Pistorius
- 100 "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr Anton Rupert
- 101 "Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof J G Duvenage
- 102 "Keel-, Neus- en Oorheekunde — Hede en Toekoms" — Prof H Hamersma
- 103 Dosentesimposia 1975
- 104 "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof W J Kotzé
- 105 "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof J P Kriel
- 106 "Geregtelike Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof J D Loubser
- 107 "Huishoudkunde — Waarheen?" — Prof E Boshoff
- 108 Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie - 4 Februarie 1976
- 109 Tweede HF Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B J Vorster
- 110 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975
- 111 "Ortodonsie — 'n Oorsig en waardebeplanning" — Prof S T Zietsman
- 112 "Rede gelewer by die Ingebruikneming van die Nuwe Kompleks vir die Tuberkulosenavorsingseenheid van die MNR" — Prof H W Snyman
- 113 "Die gebruik van Proefdiere in Biomediese Navorsing, met spesiale verwysing na Eksperimentele Chirurgie" — Prof D G Steyn
- 114 "Die Toekoms van die Mynboubedryf in Suid-Afrika" — Prof F Q P Leiding
- 115 "Van Krag tot Krag" — Dr Anton Rupert
- 116 "Carnot, Adieu!" — Prof J P Botha.
- 117 " 'n Departement van Hematologie — Mode of Noodsaak" — Prof K Stevens.
- 118 "Farmaka en Farmakologie: Verlede, Hede en Toekoms" — Prof De K Sommers.
- 119 "Opleiding in Elektrotegniese Ingenieurswese — Deurbraak of Dwaling?" — Prof L van Biljon.
- 120 "Die Röntgendiagnostiek voor 'n Nuwe Uitdaging — die Toegepaste Fisiologie" — Prof J M van Niekerk.
- 121 "Die Algemene Sisteemteorie as Uitgangspunt by die Beplanning van 'n Basiese Biblioteek- en Inligtingkundige Opleidingsprogram" — Prof M C Boshoff.
- 122 **Dosentekursus: 1977.**
- 123 "Hulpverlening aan kinders met leerprobleme" — Prof P A van Niekerk.
- 124 "Tuinboukunde Quo Vadis" — Prof LC Holtzhausen.

- 125 "Die plek en toekomstaak van 'n Departement Huisartskunde in 'n Fakulteit van Geneeskunde" — Prof A D P van den Berg.
- 126 "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1975/76 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1976.
- 127 "Landbouvoorligting by die kruispad — Uitdagings vir Agrariese Voorligting as Universiteitsdepartement" — Prof G H Düvel.
- 128 "Die ontplooiing van Rekenaarwetenskap as 'n funksie van evolusie op Rekenaargebied" — Prof R J van den Heever.
- 129 "Die rol van navorsing in die opleiding en ontwikkeling van die akademiese chirurg" — Prof C J Mieny.
- 130 "Sport and Somatology in Ischaemic Heart Disease" — Prof P J Smit.
- 131 Dosentekurses 1978.
- 132 "'n Beter Toekoms" — Dr Anton Rupert.
- 133 Toespraak gelewer by geleentheid van die Lentepromosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria op 8 September 1978 — Mnr J A Stegmann, Besturende Direkteur van Sasol.
- 134 "Geologie in 'n toekoms van "Beperkte" Hulpbronne — Prof G von Gruenewaldt.
- 135 Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1976/77 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1977.
- 136 "Die Kind met Spesifieke Leergestremdhede" — Proff P A van Niekerk en M C H Sonnekus.
- 137 "Sensore en Tensore" — Prof N Maree.
- 138 "Die Godsdienswetenskap en die Teologie" — Prof P J van der Merwe.
- 139 "Dierefisiologiese navorsing aan die Universiteit van Pretoria (1928-1978) — Prof J F W Grosskopf.
- 140 "Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1977/78 en wetenskaplike publikasies van personeellede vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1978".
- 141 "Behoeftebepaling en doelformulering in die Opvoeding, Onderwys en Opleiding" — Prof F J Potgieter.

ISBN 0 86979 042 0

Pta. Drukkers